

# HOU DIT ALLES BYMEKAAR

Volg Cashbuild se waardevolle raad oor die aankoop en versorging van sement.

**S**EMENT word al meer as 2 000 jaar lank vir bouwerk gebruik. Die eerste gebruik daarvan wat in die antieke tyd aangeteken is, was deur die Egiptenare. Vandag is sement steeds die belangrikste bestanddeel by die meeste bouprojekte, want dit hou strukture bymekaar. Wetenskap en tegnologie het met die ontwikkeling van verskillende soorte sement gehelp sodat jy die regte produk vir 'n spesifieke taak kan kies – byvoorbeeld vir bakstene wat gewig dra of nie, vir projekte waarvoor sagtsteen-messelwerk gebruik word, of vir patio's, keermure of glasblokke en vir plekke wat aan uiterste hitte blootgestel word soos vleisbraaiplekke of 'n skoorsteen bo 'n kaggel.

Cashbuild, die verbruikerskampioen, skakel raaiwerk uit wanneer jy die regte produk moet kies, want hulle hou 'n wye verskeidenheid sement met vertroude handelsmerke aan. Jy sal AfriSam, Lafarge en PPC sement in hul winkels kry. Hierdie gehalte handelsmerke is betroubaar en verseker dat jy toegang tot steundienste en tegniese raad het. Jy kan ook gerus wees dat die sakke wat jy koop die hoeveelheid sement bevat waarvoor jy betaal het. Nadat jy die sement gekoop het, moet jy sorg dat jy dit reg hanteer en vervoer en altyd bewus wees van veiligheidsaspekte.

Werk versigtig met sementsakke wanneer jy hulle op- en aflaai. Rol die sakke om voor jy



PICTURE FOR ILLUSTRATION PURPOSES: GREATSTOCK/CORBIS

hulle oplig om die inhoud los te maak en die risiko te verminder dat hulle kan skeur.

Buig jou knieë wanneer jy 'n sak sement optel en dra dit op heuphoogte of op jou skouer. Ondersteun die onderkant van die sak terwyl jy dit dra. Moenie die sak van enige hoogte laat val nie, want die impak daarvan kan dit beskadig of verswak. Sorg ook dat jy nie sementdeeltjies en stof inasem nie – dit kan jou longe beskadig.

## DIE VERVOER VAN SEMENT

Kyk jou voertuig deur en verwyder enige skerp voorwerpe wat rondlê voor jy sementsakke inlaai. Anders kan hulle skeur of

beskadig word.

Maak seker dat die sakke met plastiek of 'n seil bedek is wat styf vasgebind is, voor jy in die pad val. Moenie die voertuig oorlaai nie.

## BERGING

Rou sement is blootgestel aan die elemente en die omgewing; daarom is dit belangrik dat jy dit op 'n droë plek bêre en met 'n plastiekseil beskerm. As dit moontlik is, moet jy dit nie plat op die grond laat lê nie, om die kans op waterskade te verminder. Gebruik die sement wat jy eerste gekoop het, eerste, want ná drie maande begin dit agteruit gaan.

## MAAK SEMENTWERK MAKLIK

Volg die gedetailleerde instruksies op die verpakking oor hoe om die sement te meng vir jou spesifieke doel. Dis belangrik dat jy al die materiale deeglik meng tot alles dieselfde kleur is, om te keer dat daar kolle vorm en swak plekke is wanneer die werk afgehandel is. Gehalte sement, met vlugas as basis, vergemaklik die meng-

## Veiligheid

Dra 'n stofmasker wanneer jy sementsakke of -produkte oopmaak. Nat sement, of alkaliese stowwe is skerp en kan chemiese brandwonde aan die vel en oë veroorsaak. Dra waterbestande handskoene, 'n langmouhemp, langbroek en behoorlike oogbeskerming. As jy in nat sement moet staan, dra waterbestande stewels wat hoog genoeg is om te keer dat sement inval.

Was dadelik nat beton, dagha, sement of sementmengsels van jou vel af. As dit met jou oë in aanraking kom, spoel hulle onmiddellik met skoon water uit. Onregstreekse kontak deur jou klerre kan net so gevaarlik as regstreekse kontak wees.

Daarom moet jy dadelik nat beton, dagha, sement of sementmengsels uit klere spoel. Kry dadelik mediese behandeling as jy erge of aanhoudende ongemak ervaar.

Moenie sement saam met ander produkte, soos kunsmis, gipsagtige produkte of kos stoor nie.

proses – en met die ideale “botteragtige” mengsel kan jy vinniger werk. Meng die sement so na as moontlik aan die plek waar dit gebruik gaan word. Verwyder lugborrels uit die mengsel met handgereedskap of meganiese vibrators om te keer dat dit die struktuur verswak wat jy aan die bou is.

■ Besoek jou naaste Cashbuild-winkel vir nog inligting oor vertroude sementhandelsmerke. Ons vriendelike konsultante sal jou die regte veiligheidsdrag en produkte vir die taak help kry. Vir nog inligting bel die Cashbuild-klieëndienslyn by 0860-100-582. □



**Cashbuild**  
 GEHALTE BOUMATERIAAL TEEN DIE LAAGSTE PRYSE  
 192 winkels en ons groei steeds dwarsoor suidelike Afrika